



HOËRSKOOOL  
**TYGERBERG**  
HIGH SCHOOL

# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS 2019

GOEDGEKEUR: .....

VOORSITTER: SKOOLBEHEERLIGGAAM

DATE: .....

## INHOUDSOPGAWE

INLEIDING .....	4
AFDELING A: SKOOLREËLS .....	5
1. ALGEMENE BEGINSELS.....	5
2. SKOOL- EN KLASTEENWOORDIGHEID .....	5
3. SKOOLUNIFORM EN ALGEMENE VOORKOMS .....	6
4. PERSOONLIKE EN WAARDEVOLLE BESITTINGS.....	7
5. ALGEMENE REËLS.....	8
6. REËLS OOR GEVAARLIKE WAPENS EN ONWETTIGE MIDDELS .....	10
7. KLASKAMERREËLS .....	11
8. DWELMBELEID .....	11
8.1    Vertroulikheid.....	11
8.2    Dwelmtoets.....	11
8.3    Soektogte .....	12
9. ELEKTRONIESE TOESTELLE BELEID (wat selfone insluit) .....	12
10. WERKVERWAGTINGE .....	12
10.1    Klaswerk.....	12
10.2    Huiswerk .....	12
10.3    Toetse en Eksamens .....	13
11. PLAGIAAT .....	13
12. REMEDIËRING PROSEDURES, EKSTRA LESSE EN VAKKEUSE .....	13
13. PROJEKTE EN OPDRAGTE .....	14
14. VERVOER.....	14
15. SKOOLVERRYKINGSPROGRAMME .....	14
16. GODSDIENSTIGE EN KULTURELE REGTE.....	15
17. BULLEBAKERY EN KUBERBULLEBAKERY .....	15
AFDELING B: DISSIPLINÊRE STELSEL.....	16
1.    KLASSIFISERING VAN OORTREDINGS.....	16
2.    DISSIPLINÊRE PROSEDURES .....	16
2.1    Graad 1: .....	16

2.2	Graad 2: .....	17
2.3	Graad 3: .....	18
2.4	Graad 4: .....	18
3.	DISSIPLINÊRE INTERVENSIE.....	18
4.	SKORSING VAN 'N LEERDER DEUR DIE SKOOLHOOF OF ADJUNKHOOF AS VOORSORGMAATREËL.....	19
5.	DISSIPLINÊRE VERHORE .....	19
6.	PROSEDURE TYDENS VERHORE.....	20
	BYLAES .....	i
	BYLAE A.....	i
	BYLAE B .....	i
	BYLAE C.....	xi
	BYLAE D.....	xii
	BYLAE E .....	xiii
	BYLAE F .....	xiv

## INLEIDING

Die skool is daartoe verbind om 'n omgewing te skep waarin effektiewe leer en onderrig kan plaasvind en waar:

- Die regte en veiligheid van alle leerders, onderwysers en ouers bevorder word.
- Verseker word dat leerders vir hulle optrede en gedrag verantwoordelik gehou word.
- Alle vorme van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid verbied word.
- Ontwrigtende en aggressiewe gedrag ontmoedig word.

Die reëls vir leerders se gedrag by die skool en alle geleenthede waar die skool verteenwoordig word, word hierin uiteengesit. Dit verduidelik ook die skool se dissiplinêre stelsel vir leerders wat oortree. Die gedragskode is van toepassing op alle leerders, óp die skoolterrein asook waar hulle ook al die skool verteenwoordig.

Volgens artikel 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet word alle leerders wat by 'n openbare skool ingeskryf is deur die gedragskode van daardie skool verbind. Alle leerders moet 'n verklaring onderteken waarin hulle beloof om die gedragskode te gehoorsaam (Bylae A). Die skool se interne dissiplinêre komitee pas die gedragskode toe.

## **AFDELING A: SKOOLREËLS**

Skoolreëls word toegepas om 'n gedissiplineerde, ordelike en veilige omgewing te skep waarin doeltreffende onderrig en leer kan plaasvind. Geen leerder is vrygestel van die reëls nie en oningeligtheid oor skoolreëls is nie 'n aanvaarbare verskoning nie.

### **1. ALGEMENE BEGINSELS**

- 1.1 Leerders moet te alle tye hofflik en vriendelik teenoor mekaar, die studenteraad, die verteenwoordigende raad van leerders (VRL), die personeel en besoekers aan die skool optree.
- 1.2 Leerders moet die skoolreëls gehoorsaam tydens en na skoolure, by die skool of waar hulle ook al die skool verteenwoordig.
- 1.3 Leerders mag niks sê of doen wat die skool in 'n swak lig sal stel nie.
- 1.4 Geen leerder mag so optree dat dit die leeraktiwiteite van medeleerders en die onderrigproses ontwig, frustreer en/of onderbreek nie.
- 1.5 Geen leerder mag so optree dat dit ander leerders of personeel fisiese en/of emosionele skade sal berokken nie.
- 1.6 Die ouers/voogde van leerders met gereelde gedragsprobleme sal gekontak word om die probleme te bespreek en so gou as moontlik te probeer oplos.

### **2. SKOOL- EN KLASTEENWOORDIGHEID**

- 2.1 Dit is die gesamentlike verantwoordelikheid van ouers/voogde, leerders, onderwysers en beheerliggaamlede om seker te maak dat alle leerders daaglik skool bywoon.
- 2.2 Indien 'n leerder gereeld afwesig is, moet die graadhoof die ouers en die skoolhoof skriftelik daarvan in kennis stel. Die graadhoof moet afskrifte van die briewe aan ouers oor afwesigheid hou.
- 2.3 Alle leerders moet by die skool opdaag voor die skool amptelik begin. Register word aan die begin van elke skooldag gehou, met die gevolg dat leerders afwesig gemerk sal word as hulle laat is.
- 2.4 Leerders mag nie sonder die toestemming van die betrokke onderwyser van 'n klas afwesig wees of laat vir klas opdaag nie. Die leerder sal afwesig gemerk word.
- 2.5 'n Leerder wat afwesig is, moet 'n brief van die ouer/voog hê wat hom/haar toestemming daartoe gee.
- 2.6 As 'n leerder drie of meer dae weens siekte afwesig is, moet hy/sy 'n mediese sertifikaat indien.
- 2.7 As 'n leerder tydens 'n formele eksamen, toets of taak afwesig is, moet die leerder 'n mediese sertifikaat indien.
- 2.8 Leerders mag nie die skool tydens skoolure verlaat sonder 'n brief van die ouer/voog nie, en moet ook 'n toepaslike toestemmingsbrief hê wat deur die skoolhoof, adjunkhoof of graadhoof onderteken is.

2.9 Leerders mag nie gedurende skoolure stokkiesdraai nie.

### **3. SKOOLUNIFORM EN ALGEMENE VOORKOMS**

- 3.1 Leerders moet hul volle skooluniform dra en te alle tye netjies lyk en 'n goeie beeld van die skool uitdra. Leerders word geïdentifiseer as lede van die Tere-gemeenskap deur die skooldrag en daarom word die korrekte standaard met betrekking tot skooldrag verwag, wat insluit dat die uniform skoon en netjies moet wees en korrek gedra moet word. Daar moet voldoen word aan die regulasies soos deur die Beheerliggaam neergelê.
- 3.2 Geen bykomstighede mag saam met die skooluniform gedra word nie.
- 3.3 Juweliersware word beperk tot horlosies en in die geval van meisies, tot 'n klein silwer of goue knopie of ringetjie in die oorbel. Slegs een knopie of ringetjie word per oor toegelaat, en geen bykomende oorbelle of juweliersware of gekleurde kontaklense mag gedra word nie.
- 3.4 Geen grimering word toegelaat nie.
- 3.5 Geen gekleurde hare of gewaagde haarstyle word toegelaat nie.
- 3.6 Vingernaels moet te alle tye skoon en kort gehou word.
- 3.7 Wanneer leerders toestemming verkry om informele klere te dra, moet dit netjies wees. Strand-, styfpassende of deurskynende drag en klere wat te gewaagd is, word nie toegelaat nie. Hare, skoene en bykomstighede moet te alle tye netjies wees.
- 3.8 Dogters mag, in oorstemming met die voorskrifte van hul geloof, 'n swart hidjab sonder enige versierings dra. Hulle mag ook, ongeag die seisoen, lang swart kouse dra.
- 3.9 Geen sigbare tatoeërmerke word toegelaat nie.
- 3.10 Skooldrag moet gedra word skool toe en oppad huis toe en mag nie saam met informele klere gedra word nie.
- 3.11 Die skooluniform moet ook gedra word wanneer leerders 'n skoolfunksie elders in 'n groep bywoon as verteenwoordigers van die skool. Tydens sulke geleenthede moet die volledige uniform gedra word en mag daar nie informele klere soos 'beanies', gewone baadjies, ens. wat nie deel van die uniform is nie, saam met die uniform gedra word nie.
- 3.12 Die korrekte Sportdrag moet vir skoolsport soos Tennis, Hokkie, Rugby, Netbal en Krieket gedra word (tydens lesse, oefeninge en wedstryde) en mag slegs tydens sportgeleenthede gedra word, maar nie as deel van die formele skooldrag nie.
- 3.13 Die seuns moet die regte grootte grys langbroek koop wat goed pas. Die beenwydte mag nie verander word nie.
- 3.14 Die seuns moet skoon geskeer wees.
- 3.15 Die meisies se skoolrompe mag nie korter as vier vingers bo die knie wees nie.

#### **4. PERSOONLIKE EN WAARDEVOLLE BESITTINGS**

- 4.1 Die skool sal nie verantwoordelik gehou kan word vir diefstal van of beskadiging aan persoonlike besittings op die skoolterrein nie (byvoorbeeld selfone, voertuie, sakke, boeke, klere).
- 4.2 Leerders moet hul selfone eerder by die huis los en probeer om nie groot bedrae geld of besittings skool toe te bring nie. Selfone mag nie gedurende 'n normale skooldag aangeskakel wees nie, met die uitsondering van pouses maar dan ook net buite die skoolgebou. Alle leerders word versoek om te voldoen aan die elektroniese toestelle beleid wat die beleid in verband met selfone insluit.
- 4.3 Wanneer 'n leerder skoolgelde namens sy/haar ouer/voog moet inbetaal, moet dit voor skool in die skoolfondsbussie geplaas word.
- 4.4 Leerders met waardevolle besittings moet self reëlings tref om dit gedurende buitemuurse aktiwiteite veilig te bewaar.
- 4.5 Leerders mag geen rekenaarspeletjies, iPods of soortgelyke nieskoolverwante elektroniese toestelle skool toe bring nie.
- 4.6 Dit is die leerders se verantwoordelikheid om te verseker dat al hul klere, boeke en skooltasse duidelik gemerk.

## 5. ALGEMENE REËLS

- 5.1 Leerders mag nie in die gange, by die trappe, die snoepie, die sluitkaste of toilette rondhang of speel nie. Alle leerders moet vinnig en stil in die gange beweeg.
- 5.2 Gooi alle rommel in dromme en papiere in papierherwinningshouers.
- 5.3 Skooleiendom of enige eiendom van ander mag nie opsetlik beskadig, gevandaliseer of misbruik word nie, of dit nou graffiti is of fisies.
- 5.4 Geen skool- of privaat eiendom mag gesteel word nie.
- 5.5 Geen vorm van ongerymdhede met klaswerk of huiswerk tydens formele/informele toetse of interne/eksterne eksamens word toegelaat nie. Ander leerders se werk mag onder geen omstandighede gekopieer en/of geleen word nie.
- 5.6 Geen steurende, onbeskofte of ontwrigtende gedrag word toegelaat nie. Daar word van leerders verwag om by saalbyeenkomste ordelik op te tree. Daar moet onmiddelike stilte wees wanneer die onderwyser wat aan die woord is, daarvoor vra.
- 5.7 Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om sy/haar werk op die voorgeskrewe tyd in te handig.
- 5.8 Leerders wat nie 'n mediese sertifikaat kan toon as hulle tydens formele eksamens, toetse of assesseringstake afwesig was nie, sal nul vir daardie spesifieke eksamen/toets/taak kry.
- 5.9 Alle leerders moet die geloof, kultuur, waardigheid en regte van ander leerders sowel as hulle reg tot privaatheid en vertroulikheid sowel as hulle fisiese, emosionele en morele welsyn respekteer.
- 5.10 Geen verkleinerende, diskriminerende of rassistiese taal word toegelaat nie.
- 5.11 Geen gedrag of optrede wat ander leerders se kultuur, ras, geslag of godsdiens verkleineer of verneder, word toegelaat nie.
- 5.12 Alle leerders het die reg tot onderrig sonder inmenging, intimidasie, ontwrigtende gedrag of fisiese mishandeling.
- 5.13 Leerders moet die eiendom en veiligheid van ander leerders en personeellede respekteer.
- 5.14 Leerders moet respek toon vir die skool se eiendom asook die skoolomgewing, insluitende plante, bome en speelvelde.
- 5.15 Geen bakleiery, aanranding, poging tot aanranding en dreigemente teenoor ander leerders of personeellede word toegelaat nie.



- 5.16 Personeel en leerders in gesagsposisies moet gerespekteer word. 'n Leerder in 'n gesagsposisie moet die regte van ander leerders respekteer en nie sy/haar mag misbruik nie.
- 5.17 Leerders mag nie enige onaanvaarbare materiaal in hul besit hê of dit kopieer, lees of versprei nie.
- 5.18 Leerders moet wegbly van areas wat vir hulle buite perke is.
- 5.19 Leerders mag nie gedurende klastyd eet (kougom ingesluit) of drink nie.
- 5.20 Alle biblioteekboeke moet betyds ingehandig word.
- 5.21 Leerders in skooldrag of skoolsportdrag mag nie ryloop nie.
- 5.22 Klas- en huiswerk moet gereeld gedoen en ingehandig word.
- 5.23 Geen leerder mag versuim om detensie by te woon nie.
- 5.24 Geen intimidasie om 'n ander persoon deur middel van verbale of fisiese dreigemente te verneder, verkleineer of te mishandel, word toegelaat nie.
- 5.25 Leerders mag nie vloek nie.
- 5.26 Leerders mag nie leuens vertel nie.
- 5.27 Leerders mag nie onbeskofte gebare maak nie.
- 5.28 Geen onbetaamlike gedrag in die openbaar word toegelaat nie. Skoolreëls geld oppad skool toe en terug.
- 5.29 Geen leerder in skooluniform mag tydens of na skoolure dobbel nie.
- 5.30 Geen onderwyser mag in die uitvoering van sy/haar professionele taak gesteur word nie.
- 5.31 'n Leerder mag geen personeellid, medeleerder of enige ander persoon seermaak nie.
- 5.32 Geen verkragting, poging tot verkragting of onsedelike aanranding van enige personeellid, medeleerder of enige ander persoon deur 'n leerder word toegelaat nie.
- 5.33 Geen aanhitsing, inisiëring of bywoning van enige vorm van onwettige staking, aksie, vergadering of veldtog op die skoolterrein word toegelaat nie.

- 5.34 Amptelike dokumente soos mediese sertifikate en akademiese verslae mag nie vervals of wederregtelik gebruik word nie.
- 5.35 Die besit of afvuur van vuurwerke op die skoolterrein word nie toegelaat nie.
- 5.36 Geen seksuele teistering van medeleerders of personeellede word toegelaat nie.
- 5.37 Alle leerders wat vroeg uitteken, moet op die skoolterrein bly totdat hulle gehaal word.
- 5.38 Geen leerder mag besoekers gedurende pouses ontvang of met 'n besoeker kommunikeer deur die grensheining nie.
- 5.39 Leerders wat verskoon wil word van P.T. of enige buitemuurse aktiwiteite waaraan hulle deelneem, moet 'n briefie geteken deur 'n ouer / voog of dokter lewer
- 5.40 Leerders is verantwoordelik vir die oordrag van skoolinligting aan ouers / voogde en vir die terugbesorg van antwoordstrokies wat behoorlik deur 'n ouer / voog onderteken is.
- 5.41 Leerders moet alle maatreëls aanvaar en tref om hulself, medeleerders en personeel te vrywaar van moontlike HIV-besmetting.

## **6. REËLS OOR GEVAARLIKE WAPENS EN ONWETTIGE MIDDELS**

- 6.1. Die skool is 'n plek van veiligheid waar wette vir openbare plekke geld.
- 6.2. Geen gevaarlike voorwerpe of wapens van enige aard, soos beskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet of die Veiligheidsregulasies, mag op die skoolterrein gebring of gebruik word nie, behalwe as die skoolhoof dit vir onderrigdoeleindes toelaat. Dit sluit in messe, vuurwapens, spuitkannetjies en enige item waarmee 'n leerder iemand anders kan beseer.
- 6.3. Geen leerder mag alkohol in sy/haar besit hê, gebruik of versprei of onder die invloed daarvan wees nie.
- 6.4. Geen leerder mag onwettige middels of dwelms in sy/haar besit hê, gebruik of versprei of onder die invloed daarvan wees nie.
- 6.5. Leerders mag nie sigarette gebruik of in besit daarvan wees nie (Dit sluit in e-sigarette, aanstekers, vuurhoutjies, pype of enige ander verwante produkte vir rook en / of inaseming), ander skadelike middels, alkoholiese drank of aanstootlike materiaal.
- 6.6. Leerders mag nie gebruik of in besit wees van hierdie:
  - 6.6.1. Op die skoolterrein.
  - 6.6.2. In teenwoordigheid van personeellede.
  - 6.6.3. In skooldrag.
  - 6.6.4. Tydens skoolverwante aktiwiteite, bv. 'n toer, uitstappie, ekspedisie, veldrit, klas of graadpartytjie of -funksie, ens.

6.6.5. In die omgewing van die skool, insluitend openbare plekke soos treinstasies, busstasies, winkelsentrums en die plaaslike sportklubs waar hul optrede waarskynlik die naam van die skool sal skend. Indien 'n leerder in stryd met hierdie reëls enige verbode item skool toe bring, sal toepaslike dissiplinêre stappe geneem word en die item gekonfiskeer word.

## **7. KLASKAMERREËLS**

- 7.1. Die kleedkamer / toilet moet voor skool en tydens pouses besoek word.
- 7.2. Leerders moet stiptelik wees en hul boeke dadelik uithaal.
- 7.3. Dra positief by tot die les en voltooi alle take betyds.
- 7.4. Die opvoeder is in beheer van klaskamerbestuur.
- 7.5. Praat hoflik met opvoeders en medeleerders en respekteer ander se menings.
- 7.6. Aan die einde van 'n les pak en verlaat die klaskamer slegs wanneer die onderwyser opdrag gee.

## **8. DWELMBELEID**

Die Dwelmbeleid van Hoërskool Tygerberg word vervat in 'n aparte beleid wat saam met die gedragskode gelees moet word.

### **8.1 Vertroulikheid**

Indien enige leerder enige van die skool se personeel nader, sal dit in vertrouwe hanteer word. Die onderwyser wat genader word, moet die leerder se ouers en 'n senior personeelid wat betrokke is by berading, kontak. Geen ander personeel, leerders of ouers sal ingelig word nie. As dit in die leerder se belang beskou word dat enige ander persoon ingelig word, sal dit slegs in oorleg met die leerder gedoen word.

### **8.2 Dwelmtoets**

Waar 'n toets uitgevoer moet word, sal dit gedoen word met inagneming van die nodige kliniese prosedures en persoonlike regte met betrekking tot privaatheid, waardigheid en liggaamlike integriteit. Die prosedure is uiteengesit in die Dwelmbeleid van Hoërskool Tygerberg

### **8.3 Soektogte**

Waar daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is van 'n verbode middel, sal 'n soektog uitgevoer word ingevolge Artikel 8A van die Suid Afrikaanse Skolewet. Die proses word in die Dwelmbeleid van Hoërskool Tygerberg.

### **9. ELEKTRONIESE TOESTELLE BELEID (wat selfone insluit)**

Die Elektroniese Toestelbeleid word vervat in 'n aparte beleid wat saam met die gedragskode gelees moet word.

### **10. WERKVERWAGTINGE**

#### **10.1 Klaswerk**

- 10.1.1. Die onderwyser is die bestuurder van die klas. Volg die onderwyser se instruksie en respekteer die klaskamer as 'n leeromgewing.
- 10.1.2. Volg die klaskamerreëls en prosedures.
- 10.1.3. Indien 'n leerder om enige rede nie vir 'n les teenwoordig is nie, is dit die leerder se verantwoordelikheid om hom of haar te verskoon met geldige dokumentasie. As daar geen dokumentasie is nie, sal dit as 'n bunking oortreding beskou word.
- 10.1.4. As 'n leerder om enige rede werk mis, is dit sy of haar verantwoordelikheid om daardie werk in te haal.

Bywoning by die skool is noodsaaklik vir akademiese vaardigheid. 'n Leerder moet deelneem aan die opvoedkundige program wat deur die Onderwysdepartement voorgeskryf word, tensy vrystelling deur die Departement verleen word.

#### **10.2 Huiswerk**

- 10.2.1 Alle huiswerk wat deur die onderwyser gegee word, moet gedoen word deur die volgende les of op die datum wat deur die onderwyser gestel word. Die onderwyser kan die leerder straf vir huiswerk wat nie gedoen is nie, tensy daar 'n geldige verskoning is.
- 10.2.2 Indien die huiswerk gedoen is, of nie van die korrekte standaard is nie, sal die leerder weer gemaak word om dit te doen en kan ander regstellende maatreëls ondervind wat die onderwyser sien.
- 10.2.3 Alle leerders moet hul eie huiswerk doen. Ouers kan leiding gee, maar die werk moet deur die leerders gedoen word.
- 10.2.4 Indien 'n leerder van die skool afwesig is of 'n les gemis het, is dit die verantwoordelikheid van die leerder om uit te vind wat die huiswerk vir daardie dag is en om dit so spoedig moontlik te voltooi.
- 10.2.5 Huiswerk mag nie gedurende die oggendregister gedoen word nie.

### **10.3 Toetse en Eksamens**

- 10.3.1 Die toesighouer is die bestuurder van die klaskamer tydens 'n toets of eksamen en sy of haar instruksies en dissiplinêre maatreëls moet deurgaans gevolg word.
- 10.3.2 Die Skool het 'n duidelike beleid vir toetse en eksamens wat vir alle toetse en eksamens sal staan. Dit moet saam met hierdie dokument gelees word.
- 10.3.3 Geen leerder mag inskryf of 'n eksamen of toets vir 'n ander leerder skryf nie.
- 10.3.4 Geen leerder mag op enige manier met 'n ander leerder (dit sluit nie-skrywers) in 'n toets of eksamen kommunikeer nie. As hy of sy dit doen, sal dit as 'n onreëlmatigheid beskou word en die saak sal deur die Akademiese Hoof hanteer word.
- 10.3.5 Geen notas of ander onwettige hulpmiddels (selfone, ipads, tablette, ens.) Mag tydens 'n toets of eksamen deur 'n leerder gebruik word nie, tensy die leerder spesiale bedeling ontvang is.
- 10.3.6 Selfone moet vir die duur van die toets of eksamen afgeskakel word en in die leerders se sakke. Matrieks mag nie hul selfone in die eksamenlokaal neem nie.
- 10.3.7 Indien 'n leerder 'n eksamen misloop of 'n doktersertifikaat toets of 'n geldige aantekening vereis word. Indien 'n doktersertifikaat verskaf word, sal die algehele punt ooreenkomstig aangepas word. As daar geen geldige sertifisering is nie, sal die leerder nul kry vir die toets of eksamen.
- 10.3.8 Sodra 'n leerder die toets- of eksamenlokaal verlaat het, mag die toets of eksamen wat die leerder geskryf het, nie op enige manier verander word nie.

In uitsonderlike omstandighede moet ouers voor die sperdatum 'n Vakhoof, Graadhoof of Akademiese Hoof nader om 'n probleem te bespreek wat 'n leerder mag hê rakende die nakoming van die sperdatum of die skryf van 'n toets as gevolg van onvermydelike onverskilligheid of afwesigheid. Enige besluite in hierdie verband sal bespreek en afgehandel word met die Adjunkhoof.

### **11. PLAGIAAT**

- 11.1 Alle werk wat in toetse, projekte en opdragte aangebied word, moet die leerder se eie werk wees.
- 11.2 Indien buite bronne gebruik word, moet dit erken word in 'n bibliografie of verwysingslys.
- 11.3 Indien 'n leerder direk van 'n ander bron af kopieer en dit nie erken nie, sal die leerder nul vir die werk kry en moet die werkstuk oorgedoen word.
- 11.4 Indien 'n leerder vrywillig toelaat dat daar van sy of haar werk kopieë gemaak word, sal hy/sy ook nul vir die werk kry.
- 11.5 Dieselfde reëls geld as iemand anders die werk vir 'n leerder doen.

### **12. REMEDIËRING PROSEDURES, EKSTRA LESSE EN VAKKEUSE**

- 12.1 Indien 'n onderwyser ekstra lesse aanbeveel vir 'n leerder, moet ouers en leerders die onderwyser se professionele oordeel respekteer en stappe neem om dit nate kom.

- 12.2 Enige intervensiestrategieë wat deur die skool aanbeveel word, moet gevolg word. As ouers of leerders nie bereid is om skoolintervensiestrategieë te aanvaar nie, is dit die plig van die ouer om alternatiewe ondersteuningsintervensiestrategieë te vind.
- 12.3 Leerders en ouers behoort die raad en vereistes wat deur die skool vir vakkeuses gee te volg.
- 12.4 Indien 'n leerder vakke wil verander, moet hy of sy die beleid volg soos deur die Skool en die Departement uiteengesit.
- 12.5 Die Skool behou die reg voor om 'n vakverandering af te dwing indien die vak die leerder se moontlikheid om die graad te slaag, in gedrang bring.

### **13. PROJEKTE EN OPDRAGTE**

- 13.1 Geen uitsonderings sal gemaak word ten opsigte van die indiening van opdragte en projekte nie. In geen geval sal dit aanvaarbaar wees vir 'n leerder om 'n punt van nul te kies in plaas van 'n werkstuk in te dien nie.
- 13.2 Monitering van werk sal uitgevoer en beheer word deur die Vakhoofde, bygestaan deur die Graadhoofde en Akademiese Hoof.
- 13.3 Dit is die leerder se verantwoordelikheid om lêers en assesserings te onderhou.
- 13.4 Sodra 'n sperdatum toegeken is, is dit vas(gestel).
- 13.5 Leerders moet verantwoordelikheid neem om hulle te vergewis van die datums van formele assessering deur die relevante dokumentasie te raadpleeg.
- 13.6 Werk moet op die sperdatum persoonlik aan die betrokke onderwyser voorgelê word.

### **14. VERVOER**

- 14.1 Leerders wat gebruik maak van motorfietse of motors en dit op die skoolterrein wil parkeer, moet die skool se toestemming daarvoor kry en op spesiaal toegewese plekke parkeer.
- 14.2 Motors, motorfietse en fietse word op eie risiko op die skoolterrein geparkeer.
- 14.3 Leerders moet die spesiaal toegewese areas gebruik wat vir die veilige bewaring van fietse ens. verskaf word.
- 14.4 'n Leerder mag 'n voertuig op die skoolterrein bestuur as hy/sy 'n wettige bestuurslisensie daarvoor het. Die spoedbeperking op die skoolterrein is 20 km/h.
- 14.5 Die skool se gedragskode geld wanneer daar van openbare vervoer na en van die skool gebruik gemaak word.
- 14.6 Leerders mag nie ryloop terwyl hulle in skooldrag of -sportdrag geklee is nie.

### **15. SKOOLVERRYKINGSPROGRAMME**

- 15.1 Betrokkenheid by skoolverrykingsprogram-aktiwiteite maak 'n waardevolle en integrale deel van die holistiese ontwikkeling van elke leerder uit. Alle leerders moet by ten minste een sport- of kultuuraktiwiteit per kwartaal betrokke wees.
- 15.2 Leerders moet die korrekte etiket van die aktiwiteit waaraan hulle deelneem, volg.

- 15.3 Wanneer 'n leerder hom-/haarself tot 'n aktiwiteit verbind het, moet hy/sy die reëls en verantwoordelikheid daarvan nakom.
- 15.4 Deelname aan 'n spesifieke aktiwiteit geld vir die volle seisoen of duur daarvan.
- 15.5 Bywoning van alle oefeninge is verpligtend. As 'n leerder 'n oefeningsessie sonder 'n skriftelike en geldige rede van sy/haar ouers/voogde misloop, kan hy/sy vir een wedstryd geskors word.
- 15.6 Die gepaste uniform en bykomstighede moet tydens oefeninge gedra word.
- 15.7 Korrekte wedstryddrag/uniform moet tydens wedstryde/optredes gedra word.
- 15.8 Leerders wat wedstryde speel, moet in volle skooldrag by die wedstryd opdaag, behalwe as ander reëlings getref is.
- 15.9 Sportdrag en ander bykomstighede moet in 'n gepaste sak saamgedra word.
- 15.10 Geen wangedrag of swak sportmanskap word tydens buitemuurse aktiwiteite toegelaat nie. Kru taal (vloek) op asook van die sportveld af word nie toegelaat nie.
- 15.11 Indien opdrag daarvoor gegee word, moet leerders sekere aktiwiteite as toeskouers en aangewese buitemuurse aktiwiteite, wedstryde of funksies as deelnemer of beampte bywoon.
- 15.12 In ooreenkoms met die Skolewet en/of alle ander relevante wette, beleide en riglyne, word geen inisiasie of ontgroening of verwelkoming van watter aard ookal wat enige leerder tot enige mate watookal (insluitend fisies en/of sielkundig) negatief kan aantast in enige sportspan toegelaat nie. "Bakoond" en alle soortgelyke gebruike word verbied.
- 15.13 Enige interne kultuur/reëls in 'n sportspan moet aan alle nuwelinge verduidelik word. As die kaptein van die span byvoorbeeld altyd eerste op/van die veld af stap, moet dit aan nuwelinge verduidelik word sodra hy/sy lid van die span word en nie daarna nie. Die nuweling moet byvoorbeeld nie toegelaat word om onwetend eerste op/van die veld te stap en gebakoond word omdat die kaptein altyd eerste stap nie.
- 15.14 Alle betrokkenes (ook eksterne persoonel en betrokkenes) moet onvoorwaardelik kennis neem dat die leerder se ouers/voogde 'n klagte by die Suid-Afrikaanse Polisie diens kan lê waar hierdie beleide oortree word.

## 16. GODSDIENSTIGE EN KULTURELE REGTE

Die godsdienstige en kulturele regte van alle leerders sal gerespekteer word. Leerders wat 'n inperking van hul regte beleef, moet dit dadelik onder die aandag van hul graadvoogde bring. Die godsdienstige en kulturele regte van enige groep is egter onderhewig aan die effektiewe funksionering van die skool. Leerders wat om godsdienstige of kulturele redes werk mis, moet self verantwoordelikheid vir die inhaling van sodanige werk aanvaar. Indien 'n leerder se godsdienstige of kulturele aktiwiteite formele assesserings raak, moet dit vroegtydig met die adjunkhoof vir akademiese, mev. Rossouw bespreek word.

## 17. BULLEBAKERY EN KUBERBULLEBAKERY

Hoërskool Tygerberg het zero toleransie aangaande bullebakery insluitend kuberbullebakery. Die Beleid oor Bullebakery en kuberbullebakery moet saammet die gedragskode gelees word.

## AFDELING B: DISSIPLINÊRE STELSEL

Dit is elke onderwyser se verantwoordelikheid om leerders te dissiplineer. Hulle het die volle mag om leerders aan te spreek om sodoende hul gedrag te verbeter, wanneer nodig. Enige dissiplinêre stappe moet ooreenstem met en van pas wees vir die oortreding.

Alle leerders moet die dissiplinêre stelsel gehoorsaam wat juis ontwikkel is om leerdergedrag in ons skool te rig en te beheer.

### 1. KLASSIFISERING VAN OORTREDINGS

Oortredings word geklassifiseer volgens die graad van erns, met graad 4-oortredings die ergste. Sien Bylae B, Tabel 1 vir die gradering van oortredings.

### 2. DISSIPLINÊRE PROSEDURES

#### **Graad 1-oortreding:**

'n Skriftelike waarskuwing gevolg deur 'n finale skriftelike waarskuwing en dan 'n interne dissiplinêre verhoor.

#### **Graad 2-oortreding:**

'n Finale skriftelike waarskuwing gevolg deur 'n interne dissiplinêre verhoor deur die SBL.

#### **Graad 3-oortreding:**

'n Interne of formele dissiplinêre verhoor deur die SBL, afhangend van die erns van die oortreding.

#### **Graad 4-oortreding:**

Die oortreding word onmiddellik by die SAPD aangemeld, gevolg deur 'n formele dissiplinêre verhoor deur die SBL.

Die leerder moet alle skriftelike waarskuwings onderteken as erkenning van skuld.

#### **2.1 Graad 1:**

2.1.1 Alle graad 1-oortredings word deur die onderwyser of studenteraad hanteer, en daar moet 'n skriftelike rekord gehou word van die oortreding en die dissiplinêre stappe wat gedoen is.

2.1.2 As 'n graad 1-oortreding vir 'n derde keer begaan word, word die saak na die graadhoof verwys (tesame met bewyse van die drie oortredings). Die graadhoof sal dan 'n **skriftelike waarskuwing** uitreik. 'n Ondertekende afskrif word by die graadhoof op rekord gehou en aan die ouers/voogde deurgegee.



- 2.1.3 As die spesifieke graad 1-oortreding herhaal word **binne ses maande** nadat dissiplinêre intervensie plaasgevind het en 'n skriftelike waarskuwing reeds uitgereik is, moet die onderwyser die graadhoof raadpleeg. 'n Onderhoud word dan met die leerder gereël waarna 'n **finale skriftelike waarskuwing** uitgereik sal word. Die graadhoof hou 'n ondertekende afskrif op rekord en gee dit aan die ouers/voogde deur.
- 2.1.4 As 'n graad 1-oortreding herhaal word **binne ses maande** nadat 'n finale skriftelike waarskuwing uitgereik is, moet die graadhoof die saak na die Dissiplinêre Komitee vir 'n **interne dissiplinêre verhoor** verwys. Die ouer/voogde word skriftelik in kennis gestel dat 'n interne dissiplinêre verhoor gereël is.
- 2.1.5 Die graadhoof hou rekord van alle oortredings, asook die dissiplinêre stappe wat gedoen is. Afskrifte hiervan word aan die leerder se registeronderwyser verskaf.

## 2.2 Graad 2:

- 2.2.1 Alle graad 2-oortredings word onmiddellik na die graadhoof verwys. Die onderwyser en graadhoof reël 'n onderhoud met die leerder. 'n **Finale skriftelike waarskuwing** word uitgereik, en 'n ondertekende afskrif daarvan word op rekord gehou deur die graadhoof en aan die ouers/voogde deurgegee.
- 2.2.2 As 'n graad 2-oortreding herhaal word **binne ses maande** nadat 'n finale skriftelike waarskuwing vir die eerste oortreding uitgereik is, moet die graadhoof die saak na die Dissiplinêre Komitee vir 'n **dissiplinêre verhoor** verwys. Die ouers/voogde word skriftelik in kennis gestel word dat 'n interne dissiplinêre verhoor gereël is.
- 2.2.3 As 'n graad 2-oortreding herhaal word **binne ses maande** na 'n interne dissiplinêre verhoor moet die graadhoof die saak na die Dissiplinêre Komitee vir 'n **formele dissiplinêre verhoor** verwys. Die ouers/voogde word skriftelik in kennis gestel word dat 'n formele dissiplinêre verhoor gereël is.
- 2.2.4 Die graadhoof hou rekord van alle toepaslike dokumentasie in verband met die oortredings en die dissiplinêre stappe wat gedoen is, en verskaf dit aan die registeronderwyser.

### 2.3 Graad 3:

Alle graad 3-oortredings word onmiddellik by die graadhoof aangemeld. Die graadhoof moet die saak na die Dissiplinêre Komitee verwys wat sal besluit of 'n **interne of formele dissiplinêre verhoor deur die SBL gereël moet word**, afhangend van die erns van die oortreding. Die ouers/voogde word skriftelik in kennis gestel word dat 'n verhoor gereël is.

### 2.4 Graad 4:

Alle graad 4-oortredings word onmiddellik by die graadhoof aangemeld. Die graadhoof verwys die saak na die skoolhoof wat onmiddellik 'n **saak by die SAPD** aanhangig sal maak en 'n **formele dissiplinêre verhoor** deur die SBL sal reël. Die ouers/voogde word skriftelik in kennis gestel word dat 'n verhoor gereël is.

## 3. DISSIPLINÊRE INTERVENSIE

- 3.1 Die skool kan die volgende lys van intervensies en regstellende maatreëls gebruik word om gedrag te verbeter voor skorsing en uitsetting:
- 3.2 Mondelinge waarskuwing
- 3.3 Skriftelike waarskuwing
- 3.4 Finale skriftelike waarskuwing
- 3.5 Verwydering uit klaskamer
- 3.6 Uitskryfwerk
- 3.7 Gemeenskapsdiens om omgewing in en rondom skoleiendom te verbeter
- 3.8 Detensie
- 3.9 Skoolwerk onder toesig
- 3.10 Berading
- 3.11 Bywoning van lewensvaardigheidsprogram(me)
- 3.12 Boetes om te vergoed vir skade aan skoleiendom
- 3.13 Ontneming van skoolvoorregte
- 3.14 Uitsluiting van skoolaktiwiteite en -funksies
- 3.15 Geen toekenning vir prestasies gelewer nie
- 3.16 Tydelike skorsing uit klas/skool, afhangend van die dissiplinêre verhoor
- 3.17 Interne dissiplinêre verhoor
- 3.18 Formele dissiplinêre verhoor
- 3.19 As intervensie en regstellende maatreëls onsuksesvol is, moet verdere intervensie plaasvind. Dit kan ook veroorsaak dat die oortreding as 'n hoërgraadoortreding geklassifiseer word. Vir 'n graad 3- en 4-oortreding kan die leerder uit die skool geskors word. Sien Bylae B, Tabel 2 vir 'n lys van moontlike dissiplinêre maatreëls wat vir onderskeidelik graad 1, 2, 3 en 4 toegepas kan word.

- 3.20 Gedrag wat kan lei tot skorsing/uitsetting, sluit in:
- 3.21 Gedrag wat ander leerders en personeel se regte en veiligheid skend
- 3.22 Kriminele gedrag van enige aard
- 3.23 Vernietiging of beskadiging van skool eiendom
- 3.24 Disrespek, minagting en verbale intimidasie gerig op personeel of ander leerders
- 3.25 Summiere weiering van wettige opdragte en versoeke deur persone in gesagsposisies
- 3.26 Deelname aan skadelike graffiti, rassisme en/of haatspraak
- 3.27 Seksuele teistering of seksuele aanranding
- 3.28 Onsedelike gedrag of godslastering
- 3.29 Besit, gebruik of bewyse van enige dwelmmiddels, onwettige middels, alkohol of enige ander sterk drank
- 3.30 Herhaalde oortreding van die skoolreëls of die gedragskode
- 3.31 Besit van gevaarlike wapens, byvoorbeeld gewere/messe en ander voorwerpe wat die lewens van ander leerders of personeel kan bedreig
- 3.32 Indien 'n hof 'n leerder aan die oortreding van 'n landswet skuldig bevind, het die skool die reg om na 'n regverdige verhoor deur die SGB aan die provinsiale departement van onderwys voor te stel dat die leerder geskors word.
- 3.33 'n Formele dissiplinêre verhoor moet gereël word met die oog op uitsetting. In sulke omstandighede sal die voorstel van uitsetting vir goedkeuring aan die provinsiale hoof van onderwys voorgelê word.
- 3.34 Indien die versoek tot uitsetting nie toegestaan word nie, sal die leerder berading ontvang of gepaste lewensvaardigheidsprogramme bywoon.

#### **4. SKORSING VAN 'N LEERDER DEUR DIE SKOOLHOOF OF ADJUNKHOOF AS VOORSORGMAATREËL**

- 4.1 Die SBL gee die skoolhoof of adjunkhoof magtiging om 'n leerder as 'n voorsorgmaatreël te skors as hy/sy van ernstige wangedrag aangekla word soos uiteengesit in Artikel 8 van die Skolewet.
- 4.2 Voordat 'n leerder geskors word, moet hy/sy en sy/haar ouers/voogde 'n geleentheid gebied word om aan te dui waarom die skorsing nie oorweeg moet word nie.
- 4.3 Die dissiplinêre prosedures moet binne een week na die skorsing begin. Indien nie, moet toestemming by die provinsiale Hoof van Onderwys verkry word vir die voortsetting van die skorsing.
- 4.4 Die skorsing is geldig totdat die leerder onskuldig bevind word of in die geval van 'n skuldigbevinding, totdat gepaste strafmaatreëls bepaal word.

#### **5. DISSIPLINÊRE VERHORE**

- 5.1 Die volgende amptelike vorms sal gebruik word vir wangedrag- en dissiplinêre verhore:
- 5.2 Skriftelike waarskuwing (Bylae C)
- 5.3 Finale skriftelike waarskuwing (Bylae D)
- 5.4 Kennisgewing van formele dissiplinêre verhoor (Bylae E)
- 5.5 Rekord van dissiplinêre verhoor (Bylae F)

- 5.6 Skriftelike kennisgewing van 'n formele dissiplinêre verhoor moet uitgereik word **ten minste vyf skooldae** voor die verhoor.
- 5.7 Wanneer 'n kennisgewing aan 'n leerder uitgereik word, moet hy/sy daarvoor teken as bewys van ontvangs. Die ondertekening daarvan dien nie as 'n skulderkenning nie.
- 5.8 Indien 'n leerder nie tydens die verhoor teenwoordig is nie, sal die verhoor in sy/haar afwesigheid voortgaan.
- 5.9 'n Skriftelike uitspraak van die verhoor sal aan die oortreder uitgereik word en hy/sy moet die dokument onderteken as erkenning van ontvangs.
- 5.10 'n Leerder het die reg om 'n hersiening te versoek van die dissiplinêre stappe wat teen hom/haar geneem indien daar voldoende gronde daarvoor is. Verontagsaming van die straf wat deur die Dissiplinêre Komitee opgelê is, sal tot tydelike skorsing lei hangende 'n formele dissiplinêre verhoor.
- 5.11 Die **Interne Dissiplinêreverhoorkomitee** bestaan uit die volgende persone:
- 5.12 'n SBL-verteenwoordiger
- 5.13 Skoolhoof of dissiplinêre beampte
- 5.14 Graadhoof
- 5.15 Registeronderwyser
- 5.16 Die leerder moet die verhoor bywoon, asook enige ander leerder(s) wat sy/haar saak kan verdedig.
- 5.17 Dissiplinêre maatreëls wat deur die Interne Dissiplinêreverhoorkomitee geneem kan word, sluit in:
- 5.18 Wegneem van voorregte
- 5.19 Skorsing van 'n minimum van twee tot 'n maksimum van vyf skooldae, goedgekeur deur die SBL, op skrif gestel en op rekord geplaas
- 5.20 Aanbeveling van berading of bywoning van lewensvaardigheidsprogramme
- 5.21 Vorderingsprogramme wat gemonitor word vir 'n tydperk van twee weke, opgevolg deur 'n vorderingsverslag
- 5.22 Skriftelike waarskuwing ten opsigte van die leerder se gedrag, met 'n ondertekende afskrif van hierdie waarskuwing wat op rekord gehou word
- 5.23 Vergoeding om die onkoste van die herstel of vervanging van beskadigde, verlore of gesteelde items te dek
- 5.24 Die **Formele Dissiplinêreverhoorkomitee** bestaan uit die volgende persone:
- 5.25 Voorsitter van die dissiplinêre komitee (verkose of geko-opteerde SBL-lid)
- 5.26 Twee ouerverteenwoordigers van die SBL
- 5.27 Sekretaresse
- 5.28 Graadhoof
- 5.29 Die dissiplinêre beampte moet rekord hou van alle dokumentasie wat met die oortreding, die bevinding van die verhoor en die straf wat toegepas is, verband hou.

## 6. PROSEDURE TYDENS VERHORE

- 6.1 Die voorsitter van die komitee moet die verrigtinge lei en:
- 6.2 Dié wat teenwoordig is, bekend stel
- 6.3 Verseker dat getuies net teenwoordig is wanneer bewyse gelewer word
- 6.4 Die voorsitter moet die leerder inlig van sy/haar regte:

- 6.5 Die reg tot 'n regverdige verhoor
- 6.6 Die reg om tydens die verhoor teenwoordig te wees
- 6.7 Die reg om vir die verhoor voor te berei
- 6.8 Die reg om vroegtydig van die aanklagte in kennis gestel te word
- 6.9 Die reg om deur een interne verteenwoordiger verteenwoordig te word
- 6.10 Die reg om tydens die verhoor deur ouers/voogde bygestaan te word
- 6.11 Die reg om vrae te vra oor enige bewyse wat verskaf word of verklarings van getuies
- 6.12 Die reg om ooggetuies te roep om namens hom/haar te getuig
- 6.13 Die reg om binne vyf dae teen enige straf wat deur die Dissiplinêre Komitee opgelê is, te appelleer
- 6.14 Die voorsitter moet die tipe oortreding en erns daarvan aan die teenwoordiges verduidelik.
- 6.15 Die voorsitter moet die prosedures van die verhoor verduidelik. Die getuies van die klaer en sy/haar ooggetuies sal eerste aangehoor word. Die leerder en die paneel mag vrae vra oor die klag. Die leerder en sy/haar getuies/vertteenwoordiger mag dan bewyse gee en die klaer en komitee mag vrae aan hulle rig.
- 6.16 Sodra almal aangehoor is, moet die voorsitter die verhoor afsluit, die klaer ontslaan asook die beskuldigde, verteenwoordigers, ouers/voogde en al die getuies.
- 6.17 Die Dissiplinêre Komitee moet die bewyse bespreek en op 'n gepaste straf besluit.
- 6.18 Die voorsitter moet alle belanghebbende partye bymekaar roep.
- 6.19 Die voorsitter moet die beslissing van die Verhoorkomitee bekend maak.
- 6.20 Die voorsitter moet die beslissing verduidelik, asook die redes vir die straf wat bepaal is.
- 6.21 Beide die klaer en leerder moet die dissiplinêre vorms onderteken en 'n afskrif daarvan moet aan hulle oorhandig word. Indien die leerder weier, moet 'n getuie in sy/haar teenwoordigheid teken.
- 6.22 Die ondertekening van die dokument/vorms dien nie as 'n skulderkenning nie.

BYLAES

BYLAE A

**HOËRSKOOL TYGERBERG**

Verbintenis deur leerder

Ek, ....., 'n leerder aan die Hoërskool Tygerberg, verstaan die reëls en implikasies daarvan en beloop dus om:

- My tot die gedragskode en dissiplinêre stelsel te verbind.
- Hoflik en bedagsaam te wees en ander leerders, die verteenwoordigende raad van leerders, die studenteraad, personeel en besoekers aan die skool te respekteer.
- Almal met respek te behandel ongeag hul kultuur, geloof, bekwaamheid, ras, geslag, ouderdom, seksuele oriëntasie of sosiale stand.
- Verantwoordelikheid te neem vir leer deur klas by te woon, stiptelik te wees en alle assesseringstake betyds in te handig.
- Met alle personeel saam te werk.
- Daartoe by te dra om die skool 'n veilige plek vir almal te maak.
- Hulp te vra of te soek as ek dit nodig het.
- Die skool in te lig as ek voel dat daar inbreuk op my regte gemaak word of as ek enige ander probleme ervaar.

.....

Leerder

.....

Ouer/Voog

.....

Datum

**BYLAE B**

**Tabel 1: Lys van oortredings volgens die graad van oortreding**

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rommelstrooiery</li> <li>• Buitensporige geraas of weerbarstige gedrag voor skool, gedurende perioderuilings, tydens pouses en na skool</li> <li>• Eet/drink in klastyd (ook kougom)</li> <li>• Wangedrag tydens saalperiode</li> <li>• Betreding van gebiede wat buite perke is, soos klaskamers, sonder toestemming</li> <li>• Rondhangery in die gange, by die snoepie, op die trappe en by die sluitkaste en kleedkamers</li> <li>• Wangedrag en swak sportmanskap gedurende buitemuurse aktiwiteite</li> <li>• Kommunikasie met verbygangers / ongemagtigde besoekers</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skade aan 'n ander leerder se besittings of eiendom aanrig</li> <li>• Wangedrag tydens detensie</li> <li>• Versuim om detensie by te woon</li> <li>• Intimidasie deur verbale/fisiese dreigement om ander persoon seer te maak of eiendom te beskadig / bullebakkerij</li> <li>• Stokkiesdraai (skool of klas bunk) of skoolgronde sonder nodige toestemming verlaat</li> <li>• Vloek, leuens vertel of onbeskofte gebare maak</li> <li>• Verbale/nie-verbale mishandeling van medeleerders en personeel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Besit van wapens wat fisiese beserings kan veroorsaak (messe, ens.)</li> <li>• Betreding van skoolgrond of bywoning van 'n skoolaktiwiteit of die dra van die skooluniform onder die invloed van alkohol of dwelms</li> <li>• Besit, kopiëring, verspreiding, gebruik of vertoning van pornografiese materiaal</li> <li>• Fisiese aanranding met die opset om iemand ernstig te beseer</li> <li>• Onbetaamlike voorstelle van 'n seksuele aard</li> <li>• Seksuele teistering van 'n personeellid of leerder</li> <li>• Rassisme: opmerkings of beledigings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik van wapens wat fisiese beserings kan veroorsaak (messe ens.)</li> <li>• Besit of gebruik van vuurwapens, magasyn, ammunisie, gevaarlike of dodelike wapens</li> <li>• Besit, gebruik van en/of handelsdryf met dwelms of alkohol op die skoolgrond of tydens die bywoning van 'n skoolaktiwiteit of die dra van die skooluniform</li> <li>• Vergiftiging of poging tot vergiftiging van enige persoon</li> <li>• Diefstal, roof en inbraak</li> <li>• Kwaadwillige beskadiging van skoleiendom</li> <li>• Besering van personeel, medeleerders of enige ander persoon</li> </ul>

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4
<ul style="list-style-type: none"> <li>•Versuim om: <ul style="list-style-type: none"> <li>-huiswerk te doen</li> <li>-take betyds in te handig</li> <li>-biblioteekboeke betyds in te handig</li> <li>-buitemuurse oefeninge stiptelik by te woon</li> <li>-verpligte aktiwiteit as toeskouer by te woon</li> </ul> </li> <li>•Versuim om uniformregulasies na te kom</li> <li>•Versuim om die korrekte sportdrag tydens oefeninge of wedstryde te dra</li> <li>•Ryloop in skool- of sportdrag</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>•Peuter met kar, motorfiets of fiets</li> <li>•Beledigings gemik op 'n individu</li> <li>•Minagting of parmantigheid teenoor personeel</li> <li>•Ongehoorsaamheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>Leerder weier of ignoreer spesifieke instruksies</li> </ul> </li> <li>•Enige vorm van gedrag wat fisiese en/of geestelike ongemak by medeleerders veroorsaak</li> <li>•Bakleiery, aanranding of poging tot aanranding</li> <li>•Onbetaamlike gedrag in die openbaar ('vry/soen')</li> <li>•Dobbel</li> <li>•Onaanvaarbare haarstyle, insluitend bleik of kleur</li> <li>•Sigbare tatoeërmerke</li> <li>•Steur 'n onderwyser in die uitvoering van sy/haar professionele taak</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>•Skend die regte van leerders wat onderrig wil ontvang deur klasse te ontwig, ander leerders daarvan te weerhou om klas by te woon of om onderwysers te verhoed om klas te gee</li> <li>•Roekelose of nalatige bestuur, hetsy in skooldrag of nie, en hetsy op skoolgrond of nie</li> <li>•Gebruik selfoon gedurende 'n formele toets</li> <li>•Kopiëring van rekenaar-oefeninge, projekte of enige ander werk wat vir 'n jaarpunt ingehandig moet word</li> <li>•Gebruik skeltaal teenoor onderwysers</li> <li>•Intimideer of dreig om onderwyser aan te rand</li> <li>•Minagting van gesag</li> <li>•Onverantwoordelike / ongemagtigde gebruik van 'n motor, motorfiets of fiets</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>•Verkragting, poging tot verkragting of onsedelike aanranding</li> <li>•Aanhitsing / inisiëring /bywoning van enige vorm van onwettige staking / aksie / vergadering / veldtog op skoolgronde</li> <li>•Vervalsing: Aanpassing van amptelike dokumente soos mediese sertifikate en akademiese verslae en wederregtelike gebruik daarvan</li> <li>•Besit of afvuur van vuurwerke</li> <li>• Enige oortreding wat strafbaar is onder die algemene reëls</li> </ul>



Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4
<ul style="list-style-type: none"> <li>•Afskryf of kopiëring van ander leerders se klaswerk of huiswerk</li> <li>•Laat kom vir klas</li> <li>•Gebruik van onaanvaarbare materiaal vir oortrek van boeke en lêers</li> <li>• Gebruik van selfoon, rekenaarspeletjies, iPods en soortgelyke elektroniese toestelle gedurende skoolure</li> <li>•Laat kom vir skool sonder verskoningsbrief</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>•Versuiming om verpligte buitemuurse aktiwiteit, wedstryd of funksie as 'n deelnemer of beampte by te woon</li> <li>•Besit van onaanvaarbare materiaal, pornografiese materiaal uitgesluit</li> <li>•Peuter met veiligheids- en ander toerusting op skoolgronde</li> <li>•Rook en besit van sigarette of e-sigarette</li> <li>•Enige gedrag wat die skool se naam oneer aandoen</li> <li>•Herhaling van 'n graad 1- oortreding</li> <li>•Grafitti (klein skaal)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>•Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid of besit van verbode materiaal in 'n toetslokaal gedurende eksamens (klastoetse, kwartaaltoetse en interne eksamens). Dit sluit in enige vorm van kommunikasie, verbaal /nie-verbaal, met 'n ander leerder.</li> <li>•Disrespek vir die geloof, kultuur, waardigheid, regte en privaatheid van ander leerders en personeel.</li> <li>•Enige gedrag of optrede wat ander leerders en personeel se kultuur, ras of godsdiens verkleineer of verneder.</li> <li>•Oneerlikheid of poging tot oneerlikheid in eksamen /toets / portefeuljewerk</li> <li>•Oneerlikheid of poging tot oneerlikheid in finale Graad 12-eksamen</li> <li>•Besit van of verspreiding van toets- of eksamenmateriaal voor of tydens die toets of eksamen</li> <li>•Herhaling van 'n graad 2- oortreding</li> </ul>	

**Tabel 2: Lys van moontlike dissiplinêre strafmaatreëls vir graad 1-, 2-, 3- en 4-oortredings**

Elke saak moet op meriete geëvalueer word en regverdige strafmaatreëls moet toegepas word. Die voorgestelde strafmaatreëls hieronder dien as riglyne vir die Dissiplinêre Komitee.

Graad 1-oortredings	Moontlike voorgestelde strafmaatreëls
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grafitti op skoolsakke</li> <li>• Rommelstrooiery</li> <li>• Buitensporige geraas of weerbarstige gedrag voor skool, gedurende periode-ruilings, tydens pouses en na skool</li> <li>• Eet/drink in klastyd (ook kougom)</li> <li>• Wangedrag tydens saalperiode</li> <li>• Betreding van gebiede wat buite perke is, soos klaskamers of gange, sonder toestemming</li> <li>• Rondhangery in die gange, by die snoepie, trappe, sluitkaste of kleedkamers</li> <li>• Wangedrag en swak sportmanskap gedurende buitemuurse aktiwiteite</li> <li>• Versuiming om:               <ul style="list-style-type: none"> <li>-huiswerk te doen</li> <li>-take betyds in te handig</li> <li>-biblioteekboeke betyds in te handig</li> <li>-buitemuurse oefeninge stiptelik by te woon</li> <li>-verpligte aktiwiteite as toeskouer by te woon</li> </ul> </li> <li>• Versuiming om uniformregulasies na te kom</li> <li>• Versuiming om die korrekte sportdrag vir oefeninge of wedstryde te dra</li> <li>• Ryloop in skool- of sportdrag</li> <li>• Afskryf of kopiëring van ander leerders se klaswerk of huiswerk</li> <li>• Laat kom vir klas</li> <li>• Gebruik van onaanvaarbare materiaal vir oortrek van boeke en lêers</li> <li>• Gebruik van selfoon, rekenaarspeletjies, iPods en soortgelyke elektroniese toestelle gedurende skoolure</li> <li>• Laat vir skool opdaag sonder verskoningsbrief</li> </ul>	<p>Strafmaatreëls word deur die betrokke onderwyser toegepas en kan die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Mondelinge teregwysing</li> <li>• Skriftelike waarskuwing</li> <li>• Finale skriftelike waarskuwing</li> <li>• Interne dissiplinêre verhoor</li> <li>• Detensie</li> <li>• Punte aftrek (huiswerk)</li> <li>• Tydelike konfiskering tot die einde van die skoolkwartaal (bv. uniform, juwele, selfone, sakke)</li> <li>• Verwydering van graffiti op sakke gedurende pouses</li> <li>• Skriftelike kennisgewing aan ouers/voogde</li> <li>• Verwydering uit klas</li> <li>• Gemeenskapsdiens</li> </ul>

Graad 2-oortredings	Moontlike voorgestelde strafmaatreëls
Skade aan die besittings/eiendom van 'n ander leerder of personeel aanrig	Herstelling/vervanging, finale skriftelike waarskuwing en detensie
Sigbare tatoeërmerke	Moet onverwyld verwyder word
Enige gedrag wat die skool se naam oneer aandoen	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Peuter met veiligheids- en ander toerusting op skoolgronde	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Steur 'n onderwyser in die uitvoering van sy/haar professionele taak	Skorsing uit klas, finale skriftelike waarskuwing, detensie, interne dissiplinêre verhoor
Wangedrag tydens detensie	Finale skriftelike waarskuwing en interne dissiplinêre verhoor
Versuiming om detensie by te woon	Bywoning van detensie op latere stadium, finale skriftelike waarskuwing en interne dissiplinêre verhoor
Intimidasië deur verbale/fisiese dreigement om ander persoon seer te maak of eiendom te beskadig / bullebakkerij	Finale skriftelike waarskuwing en interne dissiplinêre verhoor
Dobbel	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Vloek, leuens vertel of onbeskofte gebare maak	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Verbale/nieverbale mishandeling van medeleerders of personeel	Oproep aan ouers/voogde, finale skriftelike waarskuwing en detensie
Minagting/parmantigheid teenoor personeel	Oproep aan ouers/voogde, finale skriftelike waarskuwing en interne dissiplinêre verhoor
Ongehoorsaamheid: Leerder weier of ignoreer spesifieke instruksies	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Enige vorm van gedrag wat fisiese en/of geestelike ongemak by medeleerders of personeel veroorsaak	Oproep aan ouers/voogde, finale skriftelike waarskuwing en detensie

Bakleiry, aanranding of poging tot aanranding	Oproep aan ouers/voogde, finale skriftelike waarskuwing en interne dissiplinêre verhoor
Onbetaamlike gedrag in openbaar terwyl in skooluniform / op die skoolgrond ('vry'/soen)	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Stokkiesdraai (skool of klas bunk) of skoolgronde verlaat sonder nodige toestemming	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Onaanvaarbare haarstyle, insluitend bleik of kleur	Haarstyl/-kleur moet reggestel word, finale skriftelike waarskuwing en detensie
Rook of besit van sigarette of e-sigarette	Eerste oortreding: detensie Tweede oortreding: interne dissiplinêre verhoor Derde oortreding: formele dissiplinêre verhoor (Alle sigarette en aanstekers moet gekonfiskeer word)
Besit van onaanvaarbare materiaal, uitgesluit pornografiese materiaal	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Versuiming om verpligte buitemuurse aktiwiteit, wedstryd, funksie as 'n deelnemer of beamppte by te woon	Finale skriftelike waarskuwing en detensie
Herhaling van 'n graad 1-oortreding: Kommunikasie met verbygangers / ongemagtigde besoekers Grafitti (klein skaal) Peuter met kar, motorfiets of fiets Beledigings gemik op 'n individu	Aard van oortreding bepaal straf

<b>Graad 3-oortredings</b>	<b>Moontlike voorgestelde strafmaatreëls</b>
Besit van wapens wat fisiese beserings kan veroorsaak (messe, ens.)	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Betreding van skoolgrond onder die invloed van alkohol/dwelms of bywoning van 'n skoolaktiwiteit of die dra van die skooluniform	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Besit, kopiëring, verspreiding, gebruik of vertoning van pornografiese materiaal	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Fisiese aanranding met die opset om iemand ernstig te beseer	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Rassistiese opmerkings/beledigings	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Skending van regte van leerders wat onderrig wil ontvang deur klasse te ontwrig, ander leerders te weerhou om klas by te woon of om onderwysers te verhoed om klas te gee	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Roekelose/nalatige bestuur, hetsy in skooluniform of nie, en hetsy op skoolgrond of nie	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Gebruik van selfoon gedurende 'n formele toets	Nul en skriftelike waarskuwing
Oneerlikheid of poging tot oneerlikheid in eksamen/toets/portefeuljewerk	Nul en skriftelike waarskuwing
Oneerlikheid of poging tot oneerlikheid in finale graad 12-eksamen	Implementering van amptelike provinsiale prosedures
Besit/verspreiding van toets- of eksamenmateriaal voor/tydens die toets of eksamen	Dissiplinêre verhoor, nul vir toets/eksamen, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens, detensie, amptelike provinsiale prosedures vir graad 12

Disrespek vir die geloof, kultuur, waardigheid, regte en privaatheid van ander leerders en personeel	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Enige gedrag of optrede wat ander leerders en personeel se kultuur, ras of godsdiens verkleineer of verneder	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Onbetaamlike voorstelle van 'n seksuele aard	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Seksuele teistering van 'n onderwyser of leerder	Skorsing uit skool/klas. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Intimidering of dreigement om onderwyser aan te rand	Skorsing uit skool/klas. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie
Skeltaal teenoor leerders en onderwysers	Skorsing uit skool/klas. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens en detensie of uitsetting
Kopiëring van rekenaaroefeninge, projekte of enige ander werk wat vir 'n jaarpunt ingehandig word Oneerlikheid, poging tot oneerlikheid of besit van verbode materiaal in 'n toetslokaal gedurende eksamens (klastoetse, kwartaaltoetse en interne eksamens). Dit sluit in enige vorm van kommunikasie, verbaal/nieverbaal, met 'n ander leerder	Word deur die WKOD se Komitee oor Ongerymdhede gehanteer  Word deur die WKOD se Komitee oor Ongerymdhede gehanteer
Herhaling van 'n graad 2-oortreding: Graffiti (grootskaals) / Vandalisme (grootskaals) Provokasie Immorele optrede Minagting van gesag Onverantwoordelike/ongemagtigde gebruik van motor, motorfiets of fiets	Aard van oortreding bepaal straf

<b>Graad 4-oortredings</b>	<b>Moontlike voorgestelde strafmaatreëls</b>
Gebruik van wapens wat fisiese beserings kan veroorsaak (messe, ens.)	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
Besit en/of gebruik van vuurwapens, magasyn, ammunisie, gevaarlike/dodelike wapens	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting
Besit, gebruik van of handeldryf met dwelms/alkohol tydens skoolure of bywoning van 'n skoolaktiwiteit of die dra van die skooluniform	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting
Vergiftiging of poging tot vergiftiging van enige persoon	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting
Diefstal, roof en inbraak	Dissiplinêre verhoor, vervanging van gesteelde artikels, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
Kwaadwillige beskadiging van skool eiendom	Dissiplinêre verhoor, herstelling van skade, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
Besering van personeel, medeleerders of enige ander persoon	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting
Verkragting, poging tot verkragting of onsedelike aanranding	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor en uitsetting
Besit/afvuur van vuurwerke	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
Aanhitsing/inisiëring/bywoning van enige vorm van onwettige staking/aksie/vergadering/veldtog op skoolgronde	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
Enige oortreding wat strafbaar is onder die algemene wet nadat leerder skuldig bevind is	Skorsing uit skool. Dissiplinêre verhoor of uitsetting

Vervalsing: Aanpassing van amptelike dokumente soos mediese sertifikate en akademiese verslae en wederregtelike gebruik daarvan Beskadiging van motorvoertuig/motorfiets/fiets	Dissiplinêre verhoor, skriftelike waarskuwing, gemeenskapsdiens of uitsetting
---	---



**BYLAE C**

**HOËRSKOOL TYGERBERG**

**SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

Naam van leerder: .....

Identiteitsnommer van leerder: .....

Vak: .....

Onderwyser: .....

Die bogenoemde leerder het nie die dissiplinêre gedragskode nagekom nie.

Datum van oortreding: .....

Graad van oortreding: .....

Oortreding: .....

.....

Verklaring van leerder: .....

.....

.....

.....

Leerder

.....

Onderwyser

.....

.....

Getuie

Graadhoof

.....

Datum

Die leerder moet een afskrif ontvang terwyl die oorspronklike veilig deur die graadhoof bewaar moet word. Let wel: Die leerder se handtekening is nie 'n erkenning van skuld nie, maar 'n verklaring dat die klagtes en stappe wat gedoen is, goed verduidelik is.

**HOËRSKOOL TYGERBERG  
FINALE SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

Naam van leerder: .....

Identiteitsnommer van leerder: .....

Vak: .....

Onderwyser: .....

Die bogenoemde leerder het nie die dissiplinêre gedragskode nagekom nie.

Datum van oortreding: .....

Graad van oortreding: .....

Datum(s) van vorige oortredings: .....

Graad van oortredings: .....

Oortreding: .....

.....

.....

Verklaring van leerder: .....

.....

.....

Leerder

.....

Onderwyser

.....

Getuie

.....

Graadhoof

.....

Datum

Die leerder moet een afskrif ontvang terwyl die oorspronklike dokument veilig deur die graadhoof bewaar moet word. Let wel: Die leerder se handtekening is nie 'n erkenning van skuld nie, maar 'n verklaring dat die klagtes en stappe wat gedoen is, goed verduidelik is.

**BYLAE E**

**HOËRSKOOL TYGERBERG**

**KENNISGEWING VAN FORMELE DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Naam van leerder: .....

Identiteitsnommer van leerder: .....

Vak: .....

Onderwyser: .....

'n Formele dissiplinêre verhoor word gehou en jy word verplig om teenwoordig te wees:

Datum van verhoor: .....

Plek van verhoor:.....

Tyd van verhoor: .....

Datum van kennisgewing: .....

Die klag teen jou is die volgende:.....

.....

.....

Datum van oortreding: .....

Graad van oortreding: .....

Skorsing uit skool

Jy word vir die volgende tydperk uit die skool geskors:

Van

Tot

Tyd: ..... Datum: ...../...../.....	Tyd: ..... Datum: ...../...../.....
-------------------------------------	-------------------------------------

Gedurende die tydperk van skorsing word jy nie op die skoolterrein toegelaat nie en mag jy aan geen skoolaktiwiteite deelneem nie.

Let wel: Die leerder moet een afskrif ontvang en die oorspronklike dokument moet veilig deur die graadhoof bewaar word.

**BYLAE F**

**Regte van 'n leerder wat dissiplinêr verhoor word**

**Die leerder se regte (moet deur die voorsitter voorgelees word)**

- Die reg tot 'n regverdige formele verhoor
- Die reg om tydens die verhoor teenwoordig te wees
- Die reg om genoeg tyd te kry om vir die saak voor te berei
- Die reg om vooraf oor die aanklagte ingelig te word
- Die reg om deur 'n interne verteenwoordiger verteenwoordig te word
- Die reg om bygestaan te word deur ouers/voogde, indien minderjarig
- Die reg om vrae te vra aangaande enige bewyse of verklarings van getuies
- Die reg om getuies te roep om namens hom/haar te getuig
- Die reg om binne vyf skooldae teen enige straf wat deur die Dissiplinêre Komitee opgelê is, te appelleer

Hiermee bevestig ek dat die bogenoemde regte aan die leerder voorgelees en verduidelik is.

.....

Voorsitter

.....

Amp

.....

Leerder

.....

Getuie

.....

Datum